Dinsdag **19 Maart**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 2:5-18**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 2:9**

**Ons Here Jesus is vir ’n kort tydjie minder as die engele gemaak**

Dwarsdeur die boek Hebreërs herinner die skrywer sy hoorders aan wie Christus is. Hy is Erfgenaam van alle dinge, Skepper van alle dinge, Verteenwoordiger van God, Onderhouer van alle dinge, ons Groot Hoëpriester, ons Koning en die Verheerlikte bo die engele (Heb. 1:1–4).

As ons dit in gedagte hou, besef ons al hoe meer wat dit ons Here Jesus gekos het om as mens gebore te word. In ons Skrifgedeelte haal die Hebreërskrywer Psalm 8 aan as ’n verwysing na Christus. Psalm 8 sê dat God die mens “bietjie minder” as die engele gemaak het (“’n kort tydjie minder” in die Griekse vertaling van die Ou Testament). In ons fokusgedeelte sê die Hebreërskrywer: “Ons sien Jesus ... Hy is ’n kort tydjie minder gemaak as die engele.”

Maar hoe kan ons Here Jesus minder as die engele wees? Die Seun is dan voortrefliker as die engele (Heb. 1:5-14). Die Hebreërskrywer verwys na ons Here Jesus se menswording. Hy verwys na die verstommende feit dat die Een wat so pas beskryf is as die ewige en almagtige Seun van God, bereid was om vir ’n kort tydjie minder as die engele te word deur die menslike natuur aan te neem (vgl. Joh. 1:1, 14; Fil. 2:6–7).

Hy is ’n kort tydjie minder gemaak as die engele, “sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe” (Heb. 2:9). Hy het mens geword sodat ons God se kinders kon word (Heb. 2:11-13); om die duiwel te vernietig (Heb. 2:14); om ons te bevry van ons vrees vir die dood (Heb. 2:15); om ons barmhartige en getroue Hoëpriester te wees (Heb. 2:17).

Leef vanuit die kennis dat al jou sondes deur ons Here Jesus Christus vergewe is, en loof God onophoudelik vir jou barmhartige en getroue Hoëpriester.

*Sing: Psalm 8-1:3, 4*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (TSP)*